



LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 9
13 Maart 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

SKOOLBESOEKE

Die veiligheid van al ons leerlinge is vir ons baie belangrik en dus ook beheer en kontrole van besoekers. Ouers moet eers by die skoolkantoor aanmeld vir enige navrae of afsprake en mag dus nie net na 'n klas/onderwyser deurstap nie.

AFGEE VAN PAKKIES

Ouers maak asseblief seker dat u kind/ers soggens **alles** vir die skooldag inpak. Dit is moeilik vir die sekretaresse om alles betyds en in tyd, by die klasse af te gee. Geen oproepe sal vanaf die kantoor na ouers vir LO klere of vergete items gemaak word nie. Baie dankie vir u samewerking.

KAMERAS IN KLASSE

Nuwe ouers word hiermee in kennis gestel dat in alle klaskamers kameras geïnstalleer is. Leerlinge se optredes kan dus gemonitor word.

OUPA- EN OUMADAG 9 APRIL 2020

Laer Volksskool bied vanjaar weereens 'n Oupa- en Oumadag aan op 9 April 2020. Soos elke jaar beloof die dag weer om die leerlinge en hul grootouers te trakteer met heerlike verversings, en 'n spesiale program. Aangesien die dag met baie reëlings gepaard gaan en ons elke jaar vir ongeveer 250 grootouers en leerlinge gereed maak, is dit noodsaaklik dat ons vroegtydig die name van alle grootouers en leerlinge wat die dag sal bywoon, ontvang. Daar is nog vorms by die kantoor beskikbaar.

Heel laaste datum vir die ontvangs van vorms en gelde is 31 Maart 2020. (Eerste skooldag van die 2^{de} kwartaal) Ons sien werklik daarna uit om u kind/ers se grootouers te ontvang en te trakteer op hierdie heerlike oggend!

GRAAD 1 EERSTE-DAG-FOTO'S

Die Graad 1's se eerste-dag-foto's kan nou bestel word.

Die koste vir die pakket is R75.

Dit sluit in:

1 – 15 x 20cm foto en 4 - Jumbo's.

Stuur asseblief die korrekte bedrag na die klasonderwysers.

NB. DIE LAASTE DAG OM BESTELLING TE PLAAS IS MAANDAG, 16 MAART.

KLEREWINKEL

HVS klerewinkel gaan **windjakkies** vir die winter bestel. Dit sal slegs op aanvraag van die ouers bestel word. Skakel asseblief vir **Theresa Coetzer (072 489 4522)** by die klerewinkel indien u belangstel. Alle bestellings moet voor **19 Maart** by haar geplaas word. Geen ekstra windjakkies sal onnodig bestel word nie om sodoende kostes te bespaar.

RAPPORTE

Weens verskeie probleme met die uitgee van die rapporte aan die einde van elke kwartaal word die volgende reëlings in die verband aan ouers deurgegee.

Rapporte sal Donderdag, 19 Maart aan die leerlinge uitgedeel word. Ouers moet dit asseblief nie self afhaal nie aangesien dit 'n normale akademiese skooldag is en dit groot ontwrigting veroorsaak. Indien 'n leerling nie by die skool is nie, sal dit volgende kwartaal aan die leerlinge uitgegee word. GEEN RAPPORTE SAL GE-EPOS WORD NIE.

ONTRUIMING VAN KOSHUIS

Die koshuis ontruim Donderdag, 19 Maart as gevolg van die Union Festival. Alle leerlinge ontvang hul rapporte op Donderdag. Die skool sluit Donderdag om 12:00.

MNR D JOUBERT (SKOOLHOOF) SE EPOS ADRES HET AL 'N GERUIME TYD VERANDER.

Maak asseblief seker dat u die regte epos adres gebruik, hoof@laervolksskool.org

VAKANSIEDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ouers let asseblief daarop dat indien daar 'n openbare vakansiedag in die middel van die week is, bv. vakansiedag is op 'n Woensdag, dan begin die skool die Donderdag om 07:15 en nie 08:00 nie. Buiten die betrokke vakansiedag is skoolbywoning verpligtend.

EPOS

Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

SPORT

SWEM

Op Donderdag, 5 Maart 2020 het 13 van Laer Volksskool se swemmers aan die jaarlikse Inter Distrikte Gala te Grahamstad tussen die Amatola, Amalinda en Karoo distrikte deelgeneem. Laer Volksskool se swemmers het goed gevaar en 6 van hulle kon daarin slaag om 9 medaljes los te swem. Die uitslae van die medalje-wenners is as volg:

Naam	Geslag	Ouderdom	Slag	Plek	Medalje
Zenicke v Schalkwyk	Dogters	o.9	Rugslag	1ste	Goud
	Dogters	o.9	Kruipslag	2de	Silwer
Adriaan v Jaarsveld	Seuns	o.9	Kruipslag	3de	Brons
Elné Viljoen	Dogters	o.11	Rugslag	3de	Brons
Carlien Oosthuizen	Dogters	o.11	Kruipslag	2de	Silwer
Francois Naudé	Seuns	o.11	Rugslag	3de	Brons
	Seuns	o.11	Vlinderslag	2de	Silwer
Aidan Thiar	Seuns	o.12	Borsslag	2de	Silwer
	Seuns	o.12	Vlinderslag	3de	Brons

Baie geluk aan elke swemmer wat vir die span gekies is.

Baie geluk aan die volgende swemmers wat ook gekwalifiseer het vir hulle half- ereklere vir swem. Zenicke v Schalkwyk, Mynette Viljoen, Johan Viljoen, Frederick de Klerk, Carlien Oosthuizen, Elné Viljoen, Francois Naudé, Aidan Thiar en Lua Bouwer.

Baie geluk aan elke swemmer wat vir die span gekies is. Ons by Laer Volksskool is baie trots op elkeen.

HOKKIE

Sterkte aan die o.13A hokkiedogters wat Saterdag, 14 Maart 2020, aan 'n toernooi by Laerskool Lorraine deelneem. Ons weet dit sal goed gaan. Die program is soos volg:

TIME	FIELD A	FIELD B
8:30 – 8:53	LORRAINE VS CHARLO	SUNRIDGE VS WESTERING
9:00 – 9:23	RIEBEEK VS VOLKSKOOL	PRIORY VS UNION
9:25 – 9:51	LORRAINE VS RIEBEEK	CHARLO VS VOLKSKOOL
9:55 – 10:18	PRIORY VS WESTERING	SUNRIDGE VS UNION
10:20 – 10:43	LORRAINE VS VOLKSKOOL	CHARLO VS RIEBEEK
10:45 – 11:08	WESTERING VS UNION	PRIORY VS SUNRIDGE
11:15 – 11:38	CHARLO VS WESTERING	RIEBEEK VS SUNRIDGE
11:40 – 12:03	LORRAINE VS UNION	PRIORY VS VOLKSKOOL

RUGBY

Sterkte aan die o.13 rugbyseuns wat Saterdag, 14 Maart 2020, aan 'n toernooi by Laerskool Lorraine deelneem. Die program volg hier langsaan.

GEDAGTE VIR DIE WEEK**GETROU AAN U**

Help my, Heer, om só te lewe,
om elke dag daarna te strewe
om getrou aan U te bly,
getrou teen elke versoeking te stry.

Psalm 116:10

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@aervolkskool.org
Tel: 049 8910803